

Vormgodsdien ... onbekeerlikheid ... en oordeel – die dodelike kringloop!

Kom kerk toe ... en sondig! Kom nog meer kerk toe ... elke Sondag twee keer, ook op ander kerkplekke; bring julle offers oorvloedig ... en sondig nóg meer! Dis 'n baie vreemde uitspraak van die profeet, nie waar nie? Ja, ons kom kerk toe, maar beslis nie om te kom sondig nie! Moet ons dan nie meer kom nie? Natuurlik word hierdie woorde sarkasties bedoel, dis 'n spot met 'n bittere ironie! Wat sou die profeet tog hiermee bedoel?

Amos begin, en hy gebruik dieselfde woorde as waarmee die priesters (destyds) die volk opgeroep het om te kom offer. *“Kom na Bet-el toe, na Gilgal toe, bring julle offers vroegmôre, julle tiendes op die derde dag. Verbrand die ongesuurde brood as dankoffer, kondig julle vrywillige offers aan.”* Maar gou word dit duidelik dat dit nie 'n normale oproep is nie. Dit is immers 'n oproep om te kom sondig: *“Kom na Bet-el toe as julle wil sondig; na Gilgal toe as julle nog meer wil sondig.”*

Waarom só? Wat was dan die probleem? Die laaste gedeelte van vers 5 ontmasker die valsheid van hulle godsdien: dit was meer vertoon as erns (*“laat die mense dit hoor”*). En boonop nog eiewillig ook – *“so hou julle mos daarvan”*, sê hy. Dis 'n godsdien wat nie meer op God en sy eer gerig was nie! Die mense was so oordrewe godsdienstig, om daarmee die mense en God te beïndruk en sy arm te draai – om vir Hom te wys hoe baie hulle vir Hom doen, sodat Hy, op sy beurt, hulle moet oorlaai met rykdom en voorspoed. En ja, natuurlik, dat die mense hulle moet bewonder!

Verwykend vergelyk Amos die ryk vroue van Israel met die (vetgevoerde) koeie uit die goeie weivelde van Basan – oor hulle selfgerigte lewenswyse. Die eise van hulle lekker-lewe het gemaak dat die armes en swakkes uitgebuit word. Hulle is die mag agter die korrupte samelewing. Mens wil amper sê: hulle het so hard rondom die altare psalms gesing dat hulle die gekerm van die armes nie kon hoor nie.

Kort gestel: Israel se godsdien was *vormgodsdien* in die ergste graad. Dit is die dodelike kringloop vir 'n kerk – vormgodsdien bring valse gerustheid wat weer onbekeerlikheid in die hand werk. *“Daarom ... daarom sal Ek dit alles weer aan jou doen, Israel. En omdat Ek jou dit sal aandoen, Israel, maak jou klaar om voor jou God te kom verskyn!”* Hy sê dus: Israel, maak jou gereed om voor jou Regter te kom staan. Julle wil julle nie tot My bekeer nie; nou ja, kom dan, maak julle gereed vir die beslissende stryd. Vir 'n ontmoeting met hierdie almagtige God moet hulle gereedmaak! Hoe moet die sondaar nie voor Hom sidder nie! Wie sal Hom kan ontvlug? Verskriklik moet dit wees om in die oordeel met Hom te gaan, wie sal teen Hom kan staan? (Heb 10) Sal jy en ek kan?

Daarom, maak jou gereed om voor jou God te verskyn. En hoe moet ons gereed maak? Deur God se genaderoop te hoor – ook in die rampe en krisisse wat ons lewenspad kruis. En vra jouself af: Is ek godsdienstig ter wille van myself of ter wille van God? Is my godsdien diens aan God of soek ek net my eie voordeel? En kom tog betyds tot inkeer! Onthou: *“nie elkeen wat vir my 'Here Here' sê, sal in die Koninkryk ingaan nie, net Hy wat die wil doen van my Vader”*, sê Jesus.

Sing: Psalm 75:2, 4 (1936)